SKIETOPLEIDINGSTRATEGIE VIR DIE SUID AFRIKAANSE JAGTERS EN WILDBEWARINGSVERENIGING (SAJWV)

Verwysings: Die volgende dokumente moet saam met die strategie gelees word en is van toepassing naamlik:

1. Skiettoetse
    a. Toegewyde jagter skiettoets
    b. Skiettoets vir Handwapenjagter
2. Reëls vir die Vlaktetabel
3. Reëls vir die Bosveldtabel
4. Reëls vir Grootkalibertabel
5. Reëls vir Randslagtabel
6. Reëls vir Haelgeweertabel
7. Reels vir Probleemdiertabel

Aanhangsel A: Aansoek en beplannings proforma aanbieding van kompetisie
B: "Range Rules and Indemnity"
C: Skietopleidingsvloeidiagram
D: Vloeidiagram vir kompetisies

Bylaag 1: Vaardigheidsopleidingsleerplan en werkswyse.

INLEIDING

Hierdie strategie beskryf die totale skietopleidingsverantwoordelikheid en -omgewing van die vereniging se invloedsgebied.

VISIE

Om jagtersskietopleiding te fasiliteer vir die daarstel van 'n opgeleide jagter wat met verantwoordelikheid en aanspreeklikheid binne die statutêre vereistes suksesvol te kan jag.

MISSIE

Dit is die vereniging se doelstelling om deur middel van 'n geïntegreerde opleidings model die lid te bekwaam in jagwapen hantering, handhawing van persoonlike skietstandaarde en die daarstel van 'n opleidingsmeganisme wat aan die statutêre vereistes soos vervat in die wet op vuurwapen beheer, Wet 60 van 2000 en natuurbewaring ordonnansie voldoen en die proses die lid sodanig te ondersteun om sy jagwapens te motiveer en te behou.

Skietopleiding vorm deel van die Jagtersopleiding model en word begrens deur alle aktiwiteite wat onderling in verhouding staan met die jagwapen en gebruik van die jagwapen deur die jagter om suksesvol te jag as 'n aktiewe komponent van volhoubare benutting van die jagbare spesies in die jaghabitat.

Die SAJWV as die grootste jagtersvereniging in die RSA erken hierdie opleidings behoefte en stel tot beskikking en fasiliteer hierdie jagwapen opleiding leerplan deur middel van die organiese strukture en prosesse soos beskryf in hierdie strategie.

SKIETOPLEIDINGSFILIOSOFIE

Die filosofie berus op die volgende hoofkomponente naamlik;

- Die fisiese gebruik van verskeidenheid van jagwapens beskikbaar in die lid se besit.
- Daarstel van eenvormige en meetbare skiettabelle gesimuleer vir die verskillende jagervarings.
- Opleidings leerplanne en
- Gesonde kompetisie program vir die individu sowel as groepering.

IDENTIFIKASIE VAN DIE BEHOEFTE AAN JAGWAPENOPLEIDING

Om die onderling verhouding en belangrikheid van die jagwapen te identifiseer en te begrens vind ons die posisie in die geel blokke en dikteer die tipe jagter en omgewing die opleidings behoefte van die lede.



Die vermoë om te kan jag met sukses, vereis van die aspirant jagter bo en behalwe die statutêre vereistes ook aanspreeklikheid van en verantwoordelikheid

om eties en behoorlik opgelei hierdie aktiwiteit te beoefen nie net as individu nie maar ook deel van groepe en verenigings. Dit verg toegewydheid en behoud van jagwapen vaardighede as deel van die lid se persoonlike mondering en standaard en die handhawing van hierdie standaarde deurgaans.

DOEL VAN SKIETOPLEIDING IN DIE SAJWV

Die skietopleidingsleerplan en metode bied aan lede van die vereniging;

- 'n Opleidingsplatform vir die bereiking van die lid se persoonlike skietstandaard met die jagwapen van sy keuse.
- Daarstel van individuele en span kompetisies om prestasie erkenning te verwerf en in die proses die skietstandaard binne die vereniging te verbeter en te handhaaf.
- Wapenvaardigheidsopleiding ter ondersteuning van die lid se aansoek om Bevoegdheid sertifisering vir hantering en gebruik van;

    a. 'n handwapen
    b. 'n jaggeweer en
    c. 'n haelgeweer

- Skietopleiding en afrigting binne die raamwerk van die vereistes gestel aan die jagter met betrekking tot die jag van;

    a. Veerwild
    b. Vlakte spesies
    c. Bosveld spesies
    d. Gevaarlike wild en
    e. Probleemdiere

SKIETOPLEIDINGSMODEL

Om koste-effektiewe skietopleiding aan te bied en te administreer binne die vereniging vorm die onderstaande aspekte die pilare/boustene van die model naamlik:

- <u>Samestelling en take van die skietkomitee</u>

    - Die skietkomitee word saamgestel uit kundige persone met betrekking tot die volgende dissiplines naamlik:

        - Jaggewere
        - Haelgewere
        - Handjagwapens
        - Saamstel en ontwerp van tabelle en
        - Kompetisie kundigheid

- Die skietkomitee adviseer die UK oor alle skietverwante sake en lê hulle adviese aan die UK voor vir finale goedkeuring.
- Die komitee funksioneer onder die voorsitterskap van die Visie-president Jagsake van die SAJWV.
- Die komitee word saamgeroep en verrig hul take maandeliks soos bepaal deur die UK kalender.
- Verantwoordelikhede van die komitee

    - Die saamstel en ontwerp van SAJWV skiettabelle en hersiening van sodanige tabelle jaarliks op die hersieningsdatum.
    - Die bepaling, daarstel en instandhouding van die SAJWV skietopleidingstrategie.
    - Die bepaling, ontwerp en daarstel van SAJWV skietkompetisies en die regulering en monitering van aanbieders van sodanige kompetisies.
    - Die opstel van die jaarlikse SAJWV skietkalender wat aan die einde van September van elke jaar beskikbaar moet wees.
    - Die daarstel van die SAJWV nasionale skietrangorde en instandhouding daarvan. (Rangorde van verdienste/prestasie vir bepaling van individuele en span keuses)
    - Toe te sien dat alle skietaktiwiteite betyds gereed is vir publikasie in die tydskrif en op TV of watter ander media ookal.
    - Die daarstel van skietopleiers en die instandhouding van hierdie hulpbron.
    - Opstel en advies aan die UK oor die SAJWV skietopleidingsbegroting.
    - Riglyn vir 2007 skietopleiding. Laastens dink ek ons moet êrens 'n teikendoelwit inwerk waarin ons strewe na byvoorbeeld 'n deelnamevlak van 40, of 50 of 60% deelname van lede aan die toegewyde status tabel per jaar; 'n deelname vlak van 20 of 30% aan die intertak uitdunne; 'n deelname vlak van x% aan die indiwiduele veelsydige skut kompetisie of so iets. Dit moet deel word van die takevaluasie. (president se wens)

- Toegewyde- en Geleentheidsjagter Opleidingsleerplan

    - Vaardigheidsopleidingsleerplan volgens goedgekeurde eenheidstandaarde. Kyk Bylaag 1 vir detail leerplan.

- Toegewydeskiettoets vir jaggewere as deel van toegewyde jagterleerplan.
- Bepaling van die kompetisie-element op nasionale, streeks en takvlak vir individuele- en spandeelname.
- Skiettabelle wat die tipiese jagvereistes met betrekking tot tegnieke simuleer binne die raamwerk van veilige skietoefening. (Vir die jagwapentipes)

- Junior skietopleidingsleerplan

  - Beginsels en teorie van vuur van 'n skoot
  - Vaardigheidsopleiding, bekendstelling van wapens, vuurposisies
  - Opleidingskiettabelle

- Skietopleidinghulpbronne

  - Menslike hulpbronne
    - Opleiers
    - Baanbeamptes en veiligheidsbeamptes
    - Oefeningkoördineerders

  - Materiële hulpbronne
    - Fasiliteite, skietbane ens
    - Teikenrame, teikens en herstelplakkers
    - Hulpmiddels
    - Opleidingsmateriaal
    - Prestasie-erkennings, kentekens en sertifikate binne die riglyne van die koprpratiewe beeld van die Vereniging.

  - Finansiële hulpbronne
    - Begrotings
    - Borge en skenkings

OPLEIDINGSLEERPLAN

1. **Vaardigheidstoetse en opleiding.** Die SAJWV bied hierdie diens aan sy lede deur SA Hunt Training (Pty), Ltd en voldoen aan die statutêre vereistes gestel deur die wet op vuurwapenbeheer, Wet 60 van 2000, kyk Bylae 1 vir detail.

2. **Skiettoetse**. Die volgende skiettoetse word binne die SAJWV gebruik as praktiese assessering van die lid se jagwapen hanteringsvermoë.

   - Toegewydeskiettoets. Hierdie toets is die praktiese assessering van die toegewyde jagtersleerplan en is verpligtend vir alle aansoekers om toegewyde status. Gedurende uitvoering van

hierdie toets moet takke se skietopleiers die lede behoorlik oplei in korrekte visierinstelling, skietbeginsels en vuurposisies oor die relevante afstande.

- Handwapenskiettoets. (Handwapens wat vir jagdoeleindes gebruik word). Hierdie skiettoets vorm deel van die praktiese assessering waaraan die lid moet voldoen en slaag alvorens die SAJWV sy aansoek vir 'n handjagwapen sal ondersteun.

2. Kompetisies

Die SAJWV bied skietkompetisies aan om aan alle lede van die Vereniging die geleentheid te bied om in jagverwante omstandighede te kan presteer. Die skietkomitee adviseer die UK oor die instel van nuwe kompetisies of die verandering of uitfassering van bestaande kompetisies;

Veelsydige skutkompetisie

- Hierdie kompetisie het ten doel om die Victor Ludorum skut binne die vereniging te bepaal.
- Die kompetisie word in die eerste kwartaal aangebied op fasiliteite beskikbaar om ten minste, maar nie beperk tot die volgende dissiplines te kan laat plaasvind;
-
    i. Haelgeweer
    ii. Medium kaliber jaggewere (6,5mm en 139Gr)
    iii. Grootkaliber jaggewere (9.3mm en groter)
    iv. Ligte kaliber jaggewere (<6,5mm maar groter kalibers kan afskiet ook) en
    v. Handwapen kalibers

- Die wedstryde met betrekking tot tipe, afstande en teikens sal vooraf bepaal word deur die skietkomitee en na goedkeuring aan die aanbieder beskikbaar gestel word vir uitvoering.
- Indiwidue neem aan die kompetisie deel.
- Resultate van hierdie kompetisie word onder andere gebruik in die bepaling van die spanlede vir die inter-CHASA spanskietkompetisie en die SAJWV skietrangorde.
- Riglyn vir 2007 kompetisie. Die veelsydige skut voorwaardes moet na 'n meer verteenwoordigende basis ontwikkel. Omdat dit 'n indiwiduele kompetisie is, dink ek ons moet dit in die beplanning inwerk dat veelsydige kwalifikasie vir die groot dag op takvlak moet begin. Die skietkomitee moet kriteria ontwikkel sodat takke binne die tak 'n veelsydige kampioen het, maar dat indiwidue wat kwalifiseer dan genomineer word om aan die Nasionale Veelsydige skut kompetisie te kom deelneem. Ek aanvaar 'n infasseringstydperk, maar ons moet die basis formeel verbreed.

Ek sal graag wil sien dat takke reeds in 2007 hiermee begin en dat ons in 2008 'n meer gestruktureerde deelname aan die Nasionale kompetisie het. Ek dink nie dis nodig dat ons nog 'n spesiale skiet binne die vol program hoef in te werk nie, maar dat indiwiduele prestasies tydens die ligafase van die intertak in aanmerking geneem kan word vir nominasie na die indiwiduele skietdag, maar die skietkomitee moet dit uitwerk. (Riglyn deur die President)

Intertak spanskietkompetisie

- Hierdie kompetisie word in die derde kwartaal aangebied op fasiliteite beskikbaar om ten minste maar nie beperk tot die volgende dissiplines te kan laat plaas vind;

    i. Haelgeweer
    ii. Medium kaliber jaggewere (6,5mm en 139Gr)
    iii. Grootkaliber jaggewere (9.3mm en groter)
    iv. Ligte kaliber jaggewere (<6,5mm maar groter kalibers kan afskiet ook) en
    v. Randslag vir jnr's

- Bestaande tabelle van die vereniging word in die kompetisie gebruik.
- Maksimale deelname van lede is die oogmerk en daarom word die kompetisie oor die volgend twee fases aangebied.

    i. 'n Kwalifiserende posliga fase wat uit twee bene bestaan.
    ii. 'n Finale fase wat uit 'n in loco kampioenskap bestaan en deur die takspanne geskiet word wat in die verskillende ligavlakke (A, B en C) gekwalifiseer het.

- Die samestelling, aard en periode van hierdie ligas word bepaal deur die skietkomitee en na goedkeuring aan die takke versprei.

Presidentskietkompetisie

- Die kompetisie word normaalweg in die vierde kwartaal aangebied op 'n fasiliteit geskik vir verskeidenheid van dissiplines en aantal indiwiduele skuts.
- Die grondslag van hierdie kompetisie is gebaseer op indiwiduele deelname en resultate verwerf (goud prestasie) wat tydens tak, intertak en liga skietdae plaasvind. Indiwiduele presteerders word genomineer deur die takbesture en deur die nasionale kantoor genooi om aan die finale kompetisie deel te neem.

- Wenners word aangewys in rangorde waarvan die eerste 20 plekke die top 20 skuts posisie verwerf binne die SAJWV wat aanmerking gebring word by bepaling van span keuses en deelname op nasionale vlak teen ander verenigings. Deelnemers aan beide tabelle kan ook die platinum balkie verwerf indien die gemiddelde prestasie vir beide bo 220 punte is.
- Die samestelling, aard en kompetisiereëls word deur die skietkomitee bepaal en na goedkeuring versprei.

3. **Opleidingstabelle**.

Die ontwerp en instandhouding van tabelle berus by skietkomitee en word op 'n jaarlikse basis hersien. Die volgende tabelle bestaan, en of is in proses van ontwerp vir gebruik in 2006.

- Toegewydeskiettoets

    i. Doelwit: Demonstreer skut se minimum vereiste standaard in skietvaardigheid met jaggeweer.
        - Verpligtend Vir Toegewyde Jagter.
        - Veilige en effektiewe hantering van jaggeweer met behulp van hulpmiddels.
        - Groepering en skootplasing-(herhaalbaarheid).
        - Ken wapen/ammunisie eksterne ballistiek- (instel van visier).
    ii. Standaard: Slaag => 27/45
    iii. Afstande: 200m, 100m en 50m
    iv. Wapen en teleskoop vereistes: Onbeperk
    v. Teiken: SAJWV Rooibokteiken

- Handwapentoets

    i. Doelwit: oefen en demonstreer skut se skietvaardigheid met revolver en enkelskoot handjagwapens.
        - Veilige en effektiewe hantering van handjagwapens.
        - Ken wapen/ammunisie eksterne balistiek.
        - Verstaan terminale balistiek-skootplasing.
        - Verstaan en toepassing van skietposisies, skiettegnieke en gebruik van hulpmiddels.
        - Skep 'n opleidingsplatform om standaarde te bereik.
        - Vorm deel van indiwiduele kompetisies.
    ii. Standaard: 60%
    iii. Afstande: maks 40m en 25m
    iv. Wapen en teleskoop vereistes: 4 duim loop, ,357 (oopvisier en teleskoop)
    v. Teiken: SAJWV Rooibokteiken.

- Bosveldtabel

    i. Doelwit: Oefen en demonstreer skut se skietvaardigheid vir tipiese bosveld omstandighede veilige en effektiewe hantering van medium kaliber jaggewere.
        - Verstaan Bosveld jagafstande.
        - Verstaan en ken wapen/ammunisie eksterne balistiek.
        - Verstaan terminale balistiek en skootplasing.
        - Verstaan en toepassing van skietposisies en gebruik van hulpmiddels.
        - Skep 'n opleidingsplatform om standaarde te bereik.
        - Vorm deel van span en individuele kompetisies.
    ii. Standaard: platinum, goud, silver en brons
    iii. Afstande:150m, 100m en 50m
    iv. Wapen en teleskoop vereistes: => 6,5 en 139 gr, T<10x
    v. Teiken: SAJWV Blouwildebeesteiken

- Vlaktetabel

    i. Doelwit: Oefen en demonstreer skut se skietvaardigheid vir tipiese vlaktejag omstandighede.
        - Veilige en effektiewe hantering van jaggeweer.
        - Verstaan jagafstande in vlaktetoestande.
        - Verstaan en ken wapen/ammunisie eksterne balistiek-(akkurater wapen en visier kombinasie).
        - Verstaan terminale balistiek.
        - Verstaan en toepassing van skietposisies en gebruik van hulpmiddels.
        - Skep 'n opleidingsplatform om standaarde te bereik.
        - Vorm deel van span en individuele kompetisies.
    ii. Standaard: Platinum, goud, silver en brons
    iii. Afstande:300m en 200m
    iv. Wapen en teleskoop vereistes: Geen beperking
    v. Teiken: SAJWV Springbokteiken.

- Grootkalibertabel

    i. Doelwit: Oefen en demonstreer skut se skietvaardigheid vir tipiese gevaarlike wild jagomstandighede.
        - Veilige en effektiewe hantering van grootkaliberjaggeweer onder druk.
        - Verstaan tipiese grootwildjagafstande.
        - Verstaan en ken wapen/ammunisie eksterne balistiek.
        - Verstaan terminale balistiek-skootplasing.

- Verstaan en toepassing van skietposisies en hantering van terugskop met opvolgskoot
- Skep 'n opleidingsplatform om standaarde te bereik
- Vorm deel van individuele kompetisies

ii. Standaard: goud = 80%
iii. Afstande: 50m en 25m
iv. Wapen en teleskoop vereistes: 9,3mm=> 285gr en .40=> 400gr.
v. Teiken: SAJWV Buffelteiken.

- Haelgeweertabel

i. Doelwit: oefen en demonstreer skut se skietvaardigheid vir tipiese veerwildjag omstandighede
- Veilige en effektiewe hantering van haelgeweer
- Verstaan en ken wapen/ammunisie eksterne balistiek
- Verstaan terminale balistiek
- Verstaan en toepassing van skietposisies en skiettegnieke vir tipiese veerwild vlugbane
- Skep 'n opleidingsplatform om standaarde te bereik
- Vorm deel van individuele kompetisies

ii. Standaard: moet bepaal word ?
iii. Afstande: sporting maks 50m
iv. Wapen en teleskoop vereistes: .410, 12, 16 en 20 boor
v. Baanuitleg: Volgens internasionale sportreëls
vi. Teiken: Kleiteikens (normal, mini, batue, rabbit, supermini)

- Randslagtabel

i. Doelwit: daarstel van ‘n oefening vir skietopleiding met randslag wapens (.22)
- Veilige en effektiewe hantering van .22 gewere
- Ken wapen/ammunisie eksterne balistiek
- Verstaan en die toepassing van skietbeginsels en teorie van skietkuns.
- Verstaan en toepassing van skietposisies en skiettegnieke.
- Skep 'n opleidingsplatform om standaarde te bereik.
- Junior opleiding.
- Handhawing van persoonlike skietstandaard

ii. Standaard: Geen meting
iii. Afstande: maks 50m
iv. Wapen en teleskoop vereistes: oopvisier en teleskoop
v. Teiken: Sirkel teiken

JUNIOR SKIETOPLEIDINGSLEERPLAN ~~CURRICULUM~~

1. Vertroudheid met wapen. Opleier binne takverband moet die junior lede oplei met die verantwoordelike gebruik van 'n wapen deur gebruikmaking van luggewere en randslaggewere om skietbeginsels en tegnieke te vestig en te onderhou. Skietafrigting vind plaas binne die strukture van junioropleiding by takke.

2. Skiettabelle. Die randslagtabel moet gebruik word waar toepaslik en luggeweerskiet moet voorrang geniet totdat die leerder bekwaam genoeg is. Waar die junior oor die nodige vuurwapenvaardighede beskik kan takke binne die raamwerk en aanspreeklikheidsvereistes sodanige junior lede laat deelneem aan die senior tabelle en kompetisies.

SKIETOPLEIDINGHULPBRONNE

1. Menslike hulpbronne

a. Assessore vir vaardigheidsopleiding. Kyk bylaag 1 vir huidige gekwalifiseerde assessore beskikbaar in die SAJWV. Die opleiding en kwalifisering van vaardigheidsassessore word deur SA Hunt Training (Pty), Ltd geadministreer.

b. Opleiers. Toekomstige skietafrigting en opleierkursus en of werkswinkels moet sentraal ontwerp en aangebied word om die opleiers te onderrig in beginsels van skietkuns, eksterne ballistiek en jagwapen vereistes. Die behoud van sodanige vaardighede binne takverband moet daadwerklik deel wees van die takbestuur se prestasie meeting. Die skietkomitee en opleidingskantoor moet hierdie leerplanne ontwerp en na goedkeuring implementeer.

c. Baanbeamptes en veiligheidsbeamptes. Hierdie beamptes word opgelei binne die struktuur van die SAJWV opleiding om aan tak behoeftes te voldoen. Die huidige leerplan word daarvoor gebruik totdat dit deur toekomstige eenheidstandaard vervang word. Waar takke medegebruikers van militêrebane is moet die militêre vereistes bygewerk word sodat daar net een kursus bestaan wat vir alle party aanvaarbaar is.

d. Oefeningkoördineerders. Die samestelling en beskikbaarstelling van beplanningsdata, lesse geleer en oefening riglyne moet deur die skietkomitee daargestel word om hierdie personeel in staat te stel om kompetisies, wedstryde en oefening aan te bied sonder verliese en koste benadeling. Kyk Aanhangsel D vir detail vloeidiagram.

2. Materiële hulpbronne

a. Fasiliteite en skietbane. Beskikbaarheid van veilige skietbane die geografies ligging en toeganklikheid vir takke plaas toenemende druk op die vermoë van die vereniging om aan al die skietverwante behoeftes te voldoen derhalwe moet takke poog om geskikte skietbane te bekom deur ooreenkomste en of eienaarskap wat hierdie skietopleidingstrategie kan ondersteun.

b. Teikens en herstelplakkers. Alle teikens word sentraal deur die Nasionale kantoor geadministreer en in voorraad gehou. Die korrektheid, beskikbaarheid en toepaslikheid word jaarliks deur die skietkomitee hersien tesame met die tabelle se hersieningsdatum.

c. Hulpmiddels. Skiethulpmiddels is die verantwoordelikheid van die skut en 'n riglyn dokument oor aanvaarbare hulpmiddels moet daargestel word dat gekoopte en selfvervaardigde hulpmiddels binne die gees van "walk en stalk" tipe jag gekies kan word.

d. Opleidingsmateriaal. Skietopleidingsmateriaal en die beskikbaarstelling van sodanige materiaal sal deur die skietkomitee ondersoek word. Geskikte materiaal sal by die Nasionalekantoor beskikbaar wees.

e. Prestasietoekennings, kentekens en sertifikate. Kentekens moet onder alle omstandighede voldoen aan die korporatiewe beeld van die vereniging en indien takke self die kentekens ontwerp, moet dit vir goedkeuring aan die UK/Hoofbestuurder/VPK voorgelê word. Die fokus van ons kentekens sal jagverwant wees en daar moet sover moontlik van militere-tipe kentekens weggebly word.

3. Finansiële hulpbronne

a. Begrotings. Om die skietopleidingsplan te kan ondersteun word twee tipes begrotings geïdentifiseer naamlik:

- Tak skietopleidingsbegroting. Hierdie begroting is die totale verantwoordelikheid van die tak.
- Skietopleidingsbegroting as deel van die opleidingsbegroting. Hierdie begroting word binne die raamwerk van die nasionale opleidingsbegroting geadministreer. Die skietkomitee is verantwoordelik vir die daarstelling van die skietopleidingsbegroting en die monitering met betrekking tot die oordeelkundige spandering daarvan na goedkeuring. Die volgende riglyne word vervat binne hierdie begroting.

1. Verantwoordelikheid met Nasionale kompetisies en deelname daaraan.

    a. Ondersteuning van hierdie kompetisies ten opsigte van prestasie toekennings, sertifikate en pryse.
    b. Ondersteuning aan nasionale verkose spanne ten opsigte van deelname, akkommodasie en vervoer.
    c. Borgskappe aan indiwiduele deelnemers ten opsigte van uitsonderlike prestasies.
    d. Teiken en herstelplakkers behoefte en voorraad.
    e. Skietopleidingshulpmiddels behoefte en voorraad.

2. Verantwoordelikheid met betrekking tot die aanbieder van Nasionale kompetisies.

    a. Die aanbieder beplan en begroot vir die kompetisie op die voorgeskrewe proforma aanhangsel B en D.
    b. Vyf maande voordat die kompetisie geskeduleer is moet die beplanning aan die skietkomitee voorgelê word vir goedkeuring en uitklaring van die spesifieke steun vanuit die Nasionale kantoor.
    c. Die aanbieder moet tenminste drie maande voor die kompetisie aangewys word.

b. <u>Borge en skenkings</u>

- Verkryging van toepaslike borge en skenkings vir nasionale kompetisies word deur die nasionale kantoor geadministreer.
- Gebruikmaking van borge op takvlak moet binne die raamwerk van die Nasionale bemarkingsbeleid plaasvind.

AANHANGSEL A: BEPLANNINGSPROFORMA

Hoofoorwegings by die beplanning van 'n skietdag

Tipe skiet aangebied

- Senterslag
- Haelgeweer
- Luggeweer

Baan

- Voldoen die baan aan die veiligheidsvereistes?
- Baan 'n privaat/militêre baan?
- Privaat - is daar 'n geldige gebruiksooreenkoms?
- Militêr - is die baan volgens voorskrifte bespreek?
- Is die tipe skietoefening wat aangebied word binne die gebruiksraam-werk van die baan?
- Wat is die aantal skuts wat aan die oefening gaan deelneem?
- Kan die baan die beplande aantal aflossings in die gegewe tydsduur akkommodeer?
- Is daar voldoende teikenrame en deur wie word die teikens voorsien?
- Word daar van meervoudige of enkelrame gebruik gemaak?
- Wie voorsien die veiligheidsvlae en hoe word hulle aangebring?
- Wie is verantwoordelik vir sleutelreëlings?
- In watter toestand is die skietpunte?
- Is daar ablusiegeriewe vir mans en dames by die baan beskikbaar?
- Reëlings met voertuie op baan?
- Afbakening van skietpunte hoe en deur wie?
- Word die skietgat benut of is dit staties?
- Is daar skyftrekkers nodig, wie reël hulle?
- Is die skietpunt/teikens genommer?
- Word daar voorsiening gemaak vir instel/opwarmingskoot?
- Is daar tente/afdakke vir aflossings wat wag om te skiet?
- Is die tussenafstande duidelik gemerk en aangetoon?
- Word daar vir uitstallers voorsiening gemaak?
- Word daar individueel of in spanverband deelgeneem?
- Is daar tydbeperkings op skietoefeninge?
- Is daar addisionele toerusting nodig (bv. Buffel stormloop)?
- Moet daar vir valplate voorsiening gemaak word? (Lê dit binne die veiligheidsraamwerk)?
- Is daar toegangsbeheer tot die skietpunte of nie?
- Hoe word die tellings afgeneem (prosedure skietgat/skietpunt)?
- Watter vorm van kommunikasie bestaan daar tussen skietgat/skietpunt?
- Roeteaanwysers na die baan wie en in watter formaat, hoeveel, wanneer aangebring?
- Addisionele bystandteikens en benodigdhede om 'n raam/teiken te kan vervang?

Baanbeamptes/Baanoffisiere

- Is hulle kwalifikasies geldig?
- Is hulle vertroud met die uitvoering van die skietoefening?
- Is die teiken aan hulle bekend en is hulle vertroud met die telling-formaat?
- Is daar voldoende aflos-baanbeamptes?

- Is hulle vertroud met die gebeurlikheidsplan sou daar ‘n noodsituasie ontstaan?
- Is hulle bewus hoe om vuurwapenstorings herstelbare/nie herstelbare storings te hanteer?
- Is daar reëlings getref vir spesiale gevalle (bv gestremde persoon wat uit rolstoel moet skiet)?
- Is hulle vertroud met die prosedure om ’n junior op die skietbaan te help?
- Is hulle vertroud met die hantering van nuwe (eerste keer baan-gebruikers)?
- Is hulle vertroud met die uitrusting wat hulle gaan gebruik radio’s megafoon, tydsaparatuur ens?
- Is hulle vertroud met appèlprosedures bv by lynbeslissings?
- Dra hulle uitkenbare drag, baanoffisiersbaadjies, pette ens?
- Kan die baanoffisier duidelik van die baanbeamptes onderskei word?
- Is die baanoffisier in staat om ’n insident te hanteer, dokumenteer en volgens die korrekte prosedure aan te meld?

<u>Mediese voorsorg</u>

- Is standaard mediese voorsorgmaatreëls in plek?
- Is daar ’n mediese gebeurlikheidsplan?
- Is die naaste mediese afvoersentrum geïdentifiseer?
- Is daar ’n vorm van kommunikasie met die geïdentifiseerde afvoer-sentrum (bv selfoon)?
- Is die kontaknommer aan die baanoffisier bekend?
- Is daar ten minste een vlak 1 nood helper op of naby die skiet punt te alle tye?
- Is daar vir ’n geskikte afvoervoertuig voorsiening gemaak?
- Is daar ’n draagbaar en mediese tas beskikbaar?
- Indien afgeleë baan, is die GPS ligging bekend vir moontlike lugafvoer?

<u>Administratiewe reëlings</u>

- Kennisgewing van skietbyeenkoms
- Inskrywingsreëlings
- Baanbesprekings
- Beplanning van skietformaat
- Beplanning van skietformaat
- Besprekings van teikens
- Aankoop van benodigdhede bv maskeerband, gevaarlint ens
- Baanorder / militêre baan / baanskoonsertifikaat ens
- Algemene reëls
- Pligstate van beamptes
- Roetekaart aan deelnemers
- Numering van teikens
- Voorbereiding van telkaarte
- Trofeereëlings en beplanning
- Samestelling van gebeurlikheidsplan
- Reëlings ten opsigte van skryfbehoeftes
- Programreëlings
- Reëlings met gaste/sprekers
- Admin beamptes
  - telling admin
  - inskrywings
- Hantering van navrae
- Bemarking en reklame

<u>Telling admin en prysuitdeling</u>

- Tellingformaat
- Program om admin te hanteer
- Personeel vir tellingadministrasie
- Reël en afhaal van trofee, medaljes ens
- Fotograaf en media
- Gasspreker - oorhandig van trofeë
- Trofeeregister (wisseltrofee)
- Voorbereiding en organisering van medaljes
- Rekordhouding van uitslae
- Publisiteit werwers
- Bedankings - wie verantwoordelik
- Mikrofoon/megafoon, klankstelsel

<u>Spyseniering</u>

- Wie is verantwoordelik
- Wat is die koste
- Hoeveel mense
- Formaat
- Infrastruktuur - stowe/yskaste
- Breekware
- Tafels/stoele
- Hantering van bederfbare produkte
- Braaiers ens
- Alkohol - dranklisensie? Beheer
- Opruiming

<u>Inskrywings / inskrywingsfooi</u>

- Berekening van uitgawes
- Beplande inkomste
- Verwant aan ander kompetisies
- Prosedure by die baan / vooraf
- Kleingeld / geldkassie / skryfbehoeftes
- Kwitansieboek
- Verantwoordelike persoon
- Inbetaling/oorbetaling
- Glyskaal vir meervoudige inskrywings
- Sekuriteitsreëlings
- Vrywaringsvorms by inskrywing voltooi
- Inskrywingsgeld
  - Senior
  - Junior
  - Span

Net toe jy dink dat jy vir alles begroot het begin dit reën. Wat is die plan vir omgewingsinvloede soos reën?

AANHANGSEL B: SKIETBAANREELS EN VRYWARING

Nota: Die Engelse weergawe word hieronder vertoon.

RANGE RULES & INDEMNITY

Every person on this shooting range undertake to comply with the following rules:

1. The Firearms Control Act (No. 60 of 2000), together with all other applicable legislation, rules and regulations promulgated by government and/or any other legally recognised regulating bodies, regulating the handling, use and storage of firearms and ammunition within the boarders of South Africa and specifically within the specific Provincial and Local Government where the Shooting Range (hereafter called the "Range") is situated.

2. On arrival at the Range every person that will handle a weapon on the Range must sign the official Range Register and this Range Rules & Indemnity Form. Without these two documents being signed no person may handle any weapon on the premises of the Range whatsoever.

3. The safety of all persons and property will be the priority of every person on the Range.

4. The front of every firearm must always be pointed in a safe (upward) direction towards the sky when not used and never towards the direction of any person.

5. The action of all firearms on the Range must be kept open at all times – when the firearm is not being used. The action is to be opened as soon as the last shot was taken and must stay open until the person is ready to shoot again.

6. Before closing the action and loading the weapon the person using the firearm must ensure that the firearm is directed in a safe direction – upwards or towards the front of the Range, with no persons in that general direction.

7. Firearms may only be loaded and discharged at the firing line and only after the person loading and discharging the firearm has complied with all the Range Rules as set out herein.

8. No firearm may be loaded until the command to load is given by the Range Officer and until the person loading the firearm has ensured himself that it is indeed safe to do so.

9. All body parts (such as fingers) as well as any other object must be kept out of the trigger guard and off the trigger until that person is ready to fire his weapon and until that weapon is pointed in a safe direction towards the front of the Range with no other persons in that general direction.

10. Upon the command of the Range Officer to "Cease Fire", the firing of all firearms must stop at once. All firearms must then immediately be made safe by unloading all ammunition, opening the firearm's action and laying it down on the shooter's mat or table, with the front of the weapon pointing in a safe direction towards the front of the Range.

11. All shooters will then step back from the firing line and stand behind the cease-fire line while the Range Officer will inspect each firearm for it's safety.

12. No person will be allowed to go forward (towards the target area at the front of the Range), before the Range Officer completes the safety inspection and gives his expressed permission for that person to do so.

13. During a cease-fire, no one may handle any firearm (or part thereof) or any ammunition and no one may return to the firing line.

14. During the cease-fire all persons must wait for further commands from the Range Officer, before any further activity regarding the handling of firearms and ammunition will be allowed.

15. All persons not specifically set with the task to change targets at the front end of the Range must stay back and stand well behind the cease-fire line.

16. Hearing protection is compulsory to all shooters on the Range and the Range Officer also recommends eye protection.

17. Minor persons (under the age of 21) must be under the direct supervision of his/her parent or other legal guardian while shooting; or every such person who is still a minor by law (or otherwise not fully legal competent) must otherwise have the written consent of his/her parent or other legal guardian to participate in the shooting on the Range.

18. All guests and staff on the Range are also bound to these Rules, in as far as these Rules can be made applicable to them regarding their own safety and the safety of all other persons on the Range – even if they do not handle any weapon.

19. Firearms that have been made safe and that are not to be used immediately are to display the safety flag or to be kept in a gun bag, gun case or any other container specially designed for that purpose.

20. No persons entering the Range may be under the influence of alcohol or drugs. (This includes persons that are to handle firearms and/or ammunition (shooters); persons performing a duty on the Range (i.e. target changers, ancillaries, etc.) as well as spectators that are not involved in the shooting or in charge to perform any duties on the range.)

21. All instructions given by the Range Officer shall be complied with immediately and unconditionally, as he is in charge of the whole of the Range as well as all the activities thereon.

22. The right of admission to the Range is reserved. The Range Officer has the right to have any person removed from the Range if that person does not strictly adhere to any of the rules of the Range, as well as to any other reasonable order given by the Range Officer to ensure safety, peace and order on the Range.

23. All persons entering the Range do so at their own risk. The Range Officer, other staff members and/or the South African Hunters and Game Conservation Association will not be liable for any legal claims due to any damages suffered or injuries sustained as a result of entering and being on the premises of the Range.

AANHANGSEL C: SKIETOPLEIDINGSVLOEIDIAGRAM



AANHANGSEL D: VLOEIDIAGRAM VIR KOMPETISIES



Notas:

1. Skietkomitee bepaal die kompetisie in terme van aard, tydperk/datum en wedstryde. ***(Jaarliks net voor die kongres)***
2. Kompetisie aanbieder beplan en bied kompetisieplan aan vir goedkeuring aan die skietkomitee. ***(Beskikbaarstelling aan potensiale aanbieders te minste 5 maande voor aanvang van die kompetisie. Finale plan en aanwysing van aanbieder te minste 3 maande voor datum)***
3. Skietkomitee adverteer ***(Visie President Kommunikasie, Tak voorsitters en tak nuus die kompetisie en verwante reëlings)***
4. Aanbieder voer interne beplanning uit, detail planne, koördinerende vergaderings en finale reëlings. ***(D dag – 2 maande, waarskuwingsorder aan Nasionale kantoor vir kompetisie steun)***
5. Registrasie van deelnemers, wedstryd groepe, rangorde en rotasie programme. ***(D dag -4 finale getalle en rangorde bepalings- finale aankope en reëlings)***
6. Kompetisie voorbereiding, fasiliteite en toerusting, finale baan uitlegte, roete merking en verkieslik wedstryd beampte en baan beampte kader opleiding. ***(D dag -1 en of selfs die oggend voor die aanvang van die kompetisie sodat alle aspekte afgehandel is by 08h00)***
    a. Baanbeamptes wat as telling houers optree moet opgelei word op duidelike, logiese en vaste telling hou metodiek met die klem op duidelik nougesetheid en akkuraatheid.
    b. Wedstryd beamptes moet geskool word in terme van die reëls, toelaatbare aktiwiteite, nie toelaatbare aspekte, veiligheid en wedstryd instruksies.
    c. Telling rekords moet eerder oor groter spasies beskik en telling houer en wedstryd beampte moet in drukskrif die voltooide vorms onderteken.
7. Dag van kompetisie, aanmelding, deelnemer registrasie en rangorde bekendmakings, veiligheids en kompetisie voorligting, opening. ***(D dag 06h30 tot 08h00 om 08h30 te begin skiet)***
    a. Deelnemers voorligting met betrekking tot wedstryde, terrein plan en skedulerings,

b. Belangrikheid van akkurate telling houding, deelnemer verifikasie en appel prosesse. As die skut sy telling verifieer en daarnaas geteken het moet hy duidelik verstaan dat verskille met sommering en aantal v-kolle waardes per skote en totale die onus by hom berus op daardie tydstip wanneer die telling aangeteken word en na ondertekening dit nie verander sal word nie, die appel proses hanteer hoofsaaklik foute met data vaslegging vanaf daardie rekords. Enige dispute met wedstryd beamptes moet dadelik aangemeld word by die appel komitee skriftelik op proforma voorsien.
c. Tydreëlings.
d. Veiligheid voorligting.

8. Kompetisie verwerkingspan moet tydig die uitslae wat verwerk is publiseer op toepaslike kennisgewing borde sodat die deelnemers hul finale uitslae kan verifieer en appèlle tydig afgehandel kan word voordat die finale wenners lyste gedruk word. NB die uitslae word op hierdie stadium nie in enige rangorde bekend gemaak nie. ***(Hierdie kantoor, en of werkstasie is buite perke vir enige deelnemer of persone nie direk gemagtig daar toe nie)***
    a. Data vasleggings metodiek moet akkuraat en metodies plaas vind, rekords moet geliasseer word en eksterne (ander persoon dan vasleggings data tikster) oudit moet plaasvind voordat die lyste gepubliseer word vir data vasleggings appèlle. ***("Back-ups moet gereeld gemaak word)***
    b. Appèlle moet metodies geklaar word deur die skut se rekord/telkaart te vergelyk met rekords en data wat vasgelê is, alle appèlle moet skriftelik op voorgeskrewe proforma gehanteer word en uitslag moet skriftelik aangebring word wat tesame met die rekord geliasseer word. ***(Die belangrikheid van skut tellingkaart en voltooiing moet beklemtoon word)***
    c. Die Hoof oefening koordineerder, voorsitter van appel komitee, verwerkingspan koordineerder en UK verteenwoordiger moet die finale uitslae en wenners lyste sertifiseer nadat 'n sogenaamde verifikasie oudit uitgevoer is.
    d. Wanneer die finale kompetisie uitslae vertoon word sal geen verdere appèlle gehanteer word nie, indien die skut sy kans vroeër verbeur het is dit sy verlies.
9. Na die afhandeling van die kompetisie moet die aanbieder verseker dat die volgende aktiwiteite spoedig afgehandel word naamlik:
    a. Alle gesertifiseerde finale uitslae moet aan die nasionale kantoor en sekretaris van die skietkomitee gestuur word op die eerste werksdag na die kompetisie vir verspreiding aan takvoorsitters.
    b. Finale wennerslyste en rekord van prysuitdeling aan die sekretaris van die skietkomitee vir publikasie in die SA Jagter en verslag aan die UK.

BYLAE 1: VAARDIGHEIDSOPLEIDING LEERPLANNE EN WERKSWYSE

Vaardigheidsopleiding word deur SA Hunt Training (Pty), Ltd aangebied, 'n opleidingsvermoë gesetel binne die SAJWV

(Huidige kapasiteit)

Die program maak voorsiening vir erkenning van vorige leer (ervaring) (EVL) (Engels = RPL) en nuwe vaardighede aangeleer soos voorgeskryf deur die Vaardigheidswet (Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid) en deur die Vuurwapenbeheerwet (Wet 60 van 2000).

Onderstaande tabel dui die huidige geakkrediteerde opleidingsprogram en toepassing aan:

Unit std ref no	Program	Expiry Date
10748	Use of a Handgun	October 2009
10750	Use of a Rifle	October 2009
10754	Use of a Shotgun	October 2009
117705	Knowledge of the Act	October 2009

Soos wat verdere programme ontwikkel word en deur die relevante owerhede goedgekeur word, sal dit deel van hierdie beleidsdokument word. Die tersaaklike programme is:

- Baanoffisiersopleiding. Huidige SAJWV Baanbeampte opleidingsprogram word gebruik totdat vervang is met 'n nuwe standaard leerplan
- Nuwe eenheidstandaard vir baanoffisiere. Die volgende aspekte en of programme is onder ontwikkeling en sal eersdaags beskikbaar wees nadat dit gepromulgeer is.

    - Veilige toesig tydens 'n taktiese skietoefening (*Safely supervise tactical shooting exercise*)
    - Toesig oor vuurwapenopleiding (*Supervise firearms training*)
    - Veilige toesig oor skietoefening (*Safely supervise shooting exercises*)
    - Status. Vir SAQA goedkeuring en registrasie
    - Programme in ontwikkeling (Nuwe eenheidstandaarde)

Reeksno	Eenheidstandaard Verwysingsnommer	Leerplan/Aktiwiteit
1	119649	"Handle and use of Hangun"
2	119650	"Handle and use self loading Rifle or Carbine"
3	119651	"Handle and use manually operated Rifle or Carbine"
4	119652	"Handle and use a Shotgun"

- Assessore reeds gekwalifiseer en tans beskik vir aanwending deur SA Hunt Training (Pty), Ltd

NR	Lid Nr.	Van	Volle Name	A Nr
1	008743	Berg	Cornelius Stephanus Jacobus	A1454
2	008089	Boshoff	Christiaan Jacobus	A1452
3	028904	Botha	Stefanus Petrus	A1642
4	008847	Botha	Petrus Gerhardus	A1642
5	017182	Bradfield	Christopher John	A1644
6	001507	Brits	Robert Owen	A1647
7	020386	Cassell	Gert Marthinus	A1657
8	022950	De Beer	Johannes Lodewikus	A1648
9	001748	De Bruin	Luther	A1453
10	024572	De Jager	Hendrik Schalk	A1446
11	035562	De Vos	Jacobus Burger	A1649
12	024324	Erasmus	Carel Stephanus	A1646
13	010565	Greyling	Nicolaas Salomon	A2100
14	005317	Groenewald	Gerhardus van der Merwe	A1660
15	008011	Haasbroek	Johannes Bernades	A1458
16	027219	Haasbroek	Izak Johannes	A1455
17	028844	Jonker	Gideon Maas	A2099
18	013994	Labuscangne	Frederik Johannes	A1654
19	018499	Le Roux	Philippus Johannes	A1645
20	023135	Lombard	Daniel Benjamin	A0729
21	027176	Richter	Otto	A1459
22	013580	Richter	Marthinus Gerbrand	A1656
23	013765	Roets	Anita	A2095
24	012961	Roets	Nicolaas Johannes Roedolf	RAST0129
25	034807	Smal	David Andreas	A1643
26	030640	Smit	Pieter Ernst	A1450
27	023180	Soden	Colin Neal	RAST0127
28	019826	Sounes	Gert Micheal (Billie)	A0730
29	012410	Theart	Justin Garbriel	Rast0323
30	002355	Van der Merwe	Nicol Mostert	A0731